# DIE ZASTRONNER

Geregistreerde Nuusblad

JAARGANG 6 VOLUME 8 AUGUSTUS 1993 PRYS R1.80


## ONS KLEUTERS PLANT 'N BOOM!


Eienaar / Uitgewer
Drukker / Redaktrise:
**Diana Rautenbach**

**Adres:**

Die Zastronner
Posbus 54
Zastron
9950

Tel. 1821 Boesmanskop

Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie

Met dank en erkenning aan: Die Munisipale Raad, Adverteerders en Medewerkers.




Boomplantdag op 13 Augustus is oral in die dorp gevier. Op die foto is klein Le Roux Breytenbach hard besig om 'n boom te plant terwyl die ander kleuters van Pinocchio Kleuterskool toekyk.

## GOEIE PRYSE OP VEILINGS

Uitstekende pryse is die afgelope tyd op vetvee-veilings van Veesentraal in die lesersgebied van Die Zastronner behaal. Een massiewe os van mnr. Johan Wessels, van Bonhill, Vanstadensrus, het R4 200 gehaal.

Zastron se veiling was op 5 Augustus en pryse was baie goed. Slagosse van mnr. Eugene Heyns het R2 900 gehaal, slagkoeie R1 800, ooie van mnr. Rassie Breytenbach Jnr. R228, terwyl ander slagskape tot R270 en lammers R215 gegaan het. Die veiling se omset was R701 000. Vanstadensrus se veiling was op 12 Augustus. Die opbrengs was R387 000. Soos vermeld het een os R4 200 gegaan, terwyl ander weer R3 700 behaal het. Slaghamels was R228, ooie R190 en lamemrs R162. Op Wepener was dieselfde storie. Met die jaarlikse vetveeveiling op 30 Julie was die omset R552 000. Slaglammers was R280, ooie tot R195 en lammers R232, terwyl slagbeeste R3 200 gegaan het.




**BOOTS-'N-ALL**
Eienaar: Mev. C. Cruywagen

Pragtige kleure Penquin-wol
Materiale, Skoene, Baba-afdeling
Skryfbehoeftes & Speelgoed
Alle naaldwerk-benodigdhede
Verskeidenheid mansklere
Verskeidenheid seuns- en dogtersklere

**SPESIALE PROMOSIE**
New Look & Simplicity Patrone

Posbus 449
Zastron

TEL. 206

# REDAKSIONEEL

## WERKSVREUGDE EN -TROTS

Om te kan werk, is 'n voorreg. Ons werk behoort ons trots en vreugde te wees. Ongelukkig sien baie mense hul daaglikse taak veel eerder as 'n "verpligte las" en is hul hart glad nie in dit wat hul doen nie.

Plaas u vir 'n oomblik in die skoene van 'n werklose, van 'n gekwalifiseerde persoon wat sy werk weens omstandighede verloor het. Hoe graag sou so 'n persoon nie u taak wou verrig nie? Hoeveel ywer sou hy nie aan die dag gelê het? Hoeveel vreugde sou hy nie uit sy werk geput het nie?

Ek dink ons aanvaar "werk" as te vanselfsprekend en daarom is dit miskien goed om in hierdie dae van werkskaarsste met nuwe oë na ons lewenstaak te kyk. Of u nou die pos aflewer, kinders onderrig of 'n dokter is, alle werk kan van ons beter mense maak - as ons gesindheid reg is.

Die volgende voorbeeld laat stof tot nadenke: Daar was eendag drie mans aan die werk en toe 'n verbyganger aan hulle die vraag stel: Wat doen julle? was hul onderskeie antwoorde: "Kan jy nie sien nie? Ek kap klip." Die tweede het geantwoord: "Ek verdien my brood." Die derde het met 'n trotse glimlag geantwoord: "Ek help om 'n katedraal te bou."

Alhoewel dit dieselfde soort werk was, was dit vir die een 'n vervelige taak, vir die ander sy broodwinning en vir die derde 'n vreugde, iets groots waaraan hy deel het. Watter van die drie houdings weerspieël u gesindheid?

**Redaktrise**

# DIENSSKIETKLUB GESTIG

Op 3 Augustus is daar 'n Diensskietklub op die dorp gestig met die doel om diensskiet en die skietkuns in die algemeen en as sport te bevorder. Oogmerke is om later kompeterend teen ander diensskietklubs mee te ding.

'n R1-geweer word vir Diensskiet gebruik en op verskillende afstande tot en met 300 meter word gevuur. Die reëls is deur die Weermag vasgelê en derhalwe moet lede wat daaraan deelneem, óf lede óf geaffilieerde lede van Zastron Kommando wees. Kommandant J.P. Roos tree dan ook op as beskermheer van die klub.

Aangesien Diensskiet beoefen word volgens militêre voorskrifte, geld die H-Leër se skietopleidingsinstruksies en die heel eerste reël wat van toepassing is, is streng veiligheidsmaatreëls by die hantering van die wapens. Onberispelike gedrag op die skietbaan is ook aan die orde.

J. FOUCHE & KIE
PROKUREUR
EIENDOMSAGENT
TAKSATEUR
BOEDEL-
BEREDDERAAR
Volkskas-gebou
Zastron

**Belangstellendes**

Sou daar persone wees wat graag by die klub wil aansluit, kan hul met die komiteelede skakel. Die skietoefeninge vind op Saterdae vanaf 12h00 plaas en sover moontlik word daar gepoog om almal te akkomodeer. Om te voorkom dat mense na willekeur by die skietbaan opdaag, is dit nodig dat 'n belangstellende deur 'n lid genooi word om op 'n Saterdag te kom skiet. Op die skietbaan is skuts verplig om hul aan die reëls te onderwerp.

**Komitee**

Die komitee is as volg: Kmdt. Koos Roos - beskermheer; Pieter Momsen - klubkaptein, Jimmy Gertenbach - sekretaris, Antonie Gerber - penningmeester, Leopoldt Wytyezka - Addisionele lid.

# BRIEWE

**Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en 'n volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor Donderdag, 23 September 1993. BRIEWE WAT GEPLAAS WORD, WORD NIE NOODWENDIG DEUR DIE ZASTRONNER ONDERSKRYF NIE.**

## BAIE DANKIE

**MNR. H.P. COETZEE, PIETERSRUST, ZASTRON SKRYF:**
Ek wil graag langs hierdie weg my vrou, Annatjie, ons kinders en kleinkinders baie, baie dankie sê vir die moeite en opoffering wat hulle gedoen het met my tagtigste verjaardag op 26 Julie 1993.

Ook wil ek graag al die bekendes baie dankie sê vir hul teenwoordigheid. Een en almal baie dankie vir die mooi geskenkies, dit word opreg waardeer.

**Baie dankie vir die donasie! - Redaktrise**

---

**MEV. PIETA SCHOEMAN, POSBUS 15, ZASTRON, 9950 SKRYF:**
Net 'n paar woorde van opregte dank en waardering aan dr. Thabu van Rooyen en die hele personeel van Zastron Hospitaal vir hul goeie en liefdevolle versorging tydens my onlangse siekte. Ek waardeer dit regtig.

Baie dankie ook aan almal wat my besoek het, vir pragtige ruikers, geskenke en oproepe. Dit laat 'n mens sommer gou beter voel. Baie dankie en beste wense.

---

**DEON EN HENRIËTTE EN KROOS VAN ZYL SKRYF:**
Ons sê baie dankie vir elke telefoonoproep, kaartjie, ruikers, geskenke en besoeke met die aankoms van ons babaseun. Die belangstelling en goeie wense was oorweldigend, maar tog kenmerkend van ons gemeenskap. Dit word opreg waardeer.

Die wenspan van die hospitaal verdien ook 'n spesiale woord van dank. Weereens word 'n mens bewus van die onbaatsugtige harde werk wat met 'n glimlag gedoen word.

DIE UNIE DRANKWINKEL

Bus 2
Tel. 3 6
Ons waarborg persoonlike aandag
Dawid & Elsabe Jordaan

---

**HENNING EN TOSSIE BOTHA VAN ZASTRON SKRYF:**
Ons wil net baie dankie sê vir al die blyke van meelewing tydens die afsterwe van hul moeder. Elke telefoonoproep, kaartjie, besoek en handdruk het baie beteken en ons waardeer dit opreg.

## SINTERKLAAS SÊ SY SÊ

Dagsê vriende
Ja, die Augustus-winde is op sy tyd en dit lyk of hulle ons behoorlik vol stof wil waai. Hier is so 'n lekker storie om van die winde te vergeet - 'n Vlieënier kom eendag met een van daardie outydse vliegtuie op die dorp aan en neem mense op kort plesiervlugte. Koos koop twee kaartjies vir hom en sy vrou.

"Die son is byna onder," sê die vlieënier. "Julle sal maar saam-saam moet inklim. Maar onthou, vir 'n bangjan het ek nie tyd nie en as een van julle 'n geluid maak, word 'n boete van R50 gehef.

Hulle styg op en vlieg heen en weer, op en af en rondomtalie selfs in die lug. Die vlieënier doen sy bes om een van hulle te laat skreeu en rol die vliegtuig vir so vyf keer na mekaar. Uiteindelik land hulle en 'n verbaasde vlieënier sê: "Julle was darem besonder stil op die vlug." "Ja," antwoord Koos terwyl hy uitklim. "Maar ek het byna iets gesê toe my vrou uitval!"

Ek voel ook amper lus om iets te sê nadat ek die brief gelees het wat die Redaktrise die afgelope maand ontvang het. Kan jy glo dat mense nog so oningelig kan wees? 'n Briewekolom is die mening van lesers en weerspieël nooit die beleid van so 'n publikasie nie. Alle briewe, hetsy positief of negatief, moet geplaas word, anders is dit mos nie 'n briewekolom nie! Die Zastronner is 'n vertoonvenster van gebeure in ons gemeenskap en ek dink 'n positiewe beeld word deurgaans in alle berigte uitgedra. Dis tog jammer dat "toonaangewende" mense in die dorp soms die indruk skep dat hul gladnie op hoogte van sake is nie!

Groetnis
Sinterklaas

# VROLIKE VRYDAG DIE DERTIENDE VIR ONS DERTIEN TELEFOON-OPERATEURS!

Dertien operateurs klink 'n glasie op hul huurders.




Wie sê Vrydag, die dertiende, is 'n ongelukkige dag? Defnitief nie Zastron se span sentrales nie. Op die betrokke dag het die operateurs die toeval aan huurders uitgelig dat dit nie net Vrydag die dertiende is nie, maar dat die sentrale ook deur 13 mense beman word. Kort daarna het die eetgoed ingestroom en het dié dertien 'n fees soos min gehou. Die spontane reaksie van die huurders was heeltemal oorweldigend en die dertien "gelukkige" personeellede wil dan net baie dankie sê vir die mooi gebaar. "Dit is 'n voorreg om 'n diens in so 'n gemeenskap te lewer. Die publiek van Zastron is wonderlik" sê hulle.

'n Spesiale dankie aan die Hoërskool Zastron, Dawid en Elsabe Jordaan, Kobus du Plessis, Gerrie en Gerard van Model Slaghuis, Chris Crous en Innes van Schalkwyk. Julle het ons dag gemaak! Baie dankie ook aan Trust Motors en Zastron Spares wat ons al op 'n vorige geleentheid met eetgoed verras het.

## GOEIE REAKSIE ONTVANG

In verlede maand se uitgawe van Die Zastronner is berig oor die materiële nood in ons dorp. Die lesers het onmiddellik werk gemaak en bydraes in die vorm van geld, klere, vleis en ander voedsel het die OVV-kantoor bereik. So groot was die reaksie dat die maatskaplike werkster, mev. Louise Fouche, genoegsame voorrade ontvang het om die volgende twee maande kospakkies aan die minder bevoorregtes te kan voorsien. 'n Opregte woord van dank aan elkeen wat 'n bydrae gelewer het. Die Zastronner sal weer berig wanneer die Noodfonds uitgeput is.

**SOEKIE VENTER**
***Eiendomsagent***
Geregistreer by Raad
vir Eiendomsagente

**UNITED BANK ALLIED BANK**
**SANTAM BEPERK**



**SANTAM MULTIPLEX**
*Die wydste dekking onder een sambreel*


***Lenings kan gereël word***

VLK-GEBOU
GUSTAVUSSTR. 24A
POSBUS 6
ZASTRON

**TEL. 72**
**ALLE URE**

# ZASTRON SLAGHUIS

## Spesiale Lente Aanbod



ROOKHOENDERS "Heerlik vir buite spitbraai"

VARKSKYF "'n Treffer"

HOENDER SOSATIES "Jy sal kraai van lekker eet"

WORS 90% VLEIS INHOUD "Bobaas"

GEMARINEERDE SKAAPRIB "Ryk en Lekker"

GEMARINEERDE SKAAPRIB "Ryk en lekker"

***KOM IN EN OORTUIG USELF VAN***

***DIE BESTE PRYSE OOIT***

# NUUSBROKKIES

**MALHERBE, SAAYMAN & SMITH**

*Prokureurs Notarisse*
*Taksateurs*
*Eiendomsagente*
*Transportbesorgers*

Hoofdstr. 36 Bus 44
ZASTRON
9950

Tel. & Faks 05542-39&6

### GEBOORTES

Op 30 Julie is mnr. en mev. Lizamore van Zastron se eersteling, 'n seuntjie gebore.

Kort daarna is Deon en Henriëtte van Zyl se derde kind, ook 'n seuntjie, gebore.

Gerhard en Trudie Landman het op 2 Augustus 'n dogtertjie ryker geword. Dis die egpaar se derde kind.

Op 16 Augustus het Charles en Marietjie Calitz die trotse ouers van 'n dogtertjie geword.

### HEENGEGAAN

Mev. Ria Pieterse is op 5 Augustus in Bloemfontein oorlede. Sy was 49 jaar oud.

Die ses-en-sestig jarige, mnr. Jona Johannes Dicks van die plaas, Mookerskraal, Vanstadensrus is tragies oorlede op 8 Augustus.

Mnr. Jan Nel is in die ouderdom van 80 jaar in Bloemfontein oorlede op 14 Augustus.

### SIEKTES

Met die ter perse gaan, was die volgende pasiënte in die Zastron-hospitaal:
Mev. Wijtman, mev. Dorris Vorster, mev. E. Heymans, mnr. W.P. Jordaan en mnr. Frik Fouche van Rouxville.

### SEPTEMBER-VERJAARDAE

N.G. KERK ZASTRON

1 Issie Groenewald, Pieta Schoeman
2 Ute Steenkamp
3 Liefie Smit, Martiens Watkins, Rica van Rensburg
5 Theo van Hasselt
7 Walter Swanepoel
8 Marthie Botha
9 Sarel Nagel, Ingrid Botha
10 Maria Niehaus
13 Evie Klopper, Renske Jordaan
14 Elma Smit, Mona Marx
15 Frik van Rhyn
16 Bok van Niekerk
17 Sarah Swanepoel, Louis Alberts
20 Marvil van Hasselt, Jimmy Louw
22 Hendrik Potgieter
23 Connie Grundlingh, Grieta Jonker, Anlie Smith
24 Rinette Swanepoel
26 Vossie Coetzee, Zenobia Labuschagne
28 Rulé Mans
29 Dirk Snyman, Monica Scorrano

VANSTADENSRUS

4 Elsa Wessels
5 Nienke Wessels, Johan Fourie
7 Neels Botha
10 Agnes Marais, Martiens Terblanche
11 Dawie Botes, Hennie Bekker Jnr.
12 Francois Wilken
13 Piet van Rensburg
16 Ras Breytenbach Jnr., Max de Kock, Ben Ingram
18 Dalene van der Hoven
30 Ella Hugo

Megasave INDEPENDENT SUPPORT GROUP

**VANANCO**
***Groothandelaars***
**ZASTRON**

AGENTE VIR
Sentraalwes (Koöp) Bpk
Sasko

*Kom vergelyk ons pryse*

**VRA VIR RONNIE OF MIKE**

TEL. 346 179

Mev. Anna Bekker van Zastron het op Sondag, 15 Augustus haar tagtigste verjaardag met 'n middagete in die sysaal van die Stadsaal gevier. Ongeveer 60 gaste, wat haar kinders, kleinkinders, familielede en vriende insluit, het in dié mylpaal op haar lewenspad gedeel.



**ZASTRON BANDE**
**SUPA QUICK TEL. 385**

Bande
Skokbrekers
Batterye
Onderdele
Uitlaatstelsels
en nog vele meer

*Gerekenariseerde Wielsporing*

Puik dienste alle tye

# NUWE STASIEBEVELVOERDER

A.O. Hein Stapelberg is die nuwe bevelvoerder van die S.A.P.-tak te Zastron. Hy volg Kaptein Schoeman op. A.O. Stapelberg het in die Witrivier-distrik grootgeword en het in Desember 1978 by die Polisie aangesluit. Die afgelope agt jaar was hy op Smithfield gestasioneer. Hy is getroud met Riana, ook in die Polisiemag en die egpaar het twee dogtertjies van onderskeidelik nege en twee jaar oud.

A.O. Stapelberg het aan Die Zastronner gesê dat hy graag 'n vriendeliker atmosfeer by die tak wil skep en dat daar moeite gedoen gaan word om die stasie te verfraai. Verder is skakeling met die gemeenskap vir hom baie belangrik. "Ons is daar vir hulle en hulle vir ons. Geen polisiemag kan sonder die samewerking van die publiek sinvol funksioneer nie."

**A.O. Hein Stapelberg en sy vrou, Riana**



# MISDAAD

### Huisbraak

Gedurende die nag van 21-22 Julie is by Superspaar ingebreek. Een persoon is gearresteer. Op 21 Julie het 'n huisbraak te Reichenbergstraat 28 plaasgevind en die skuldige is op heterdaad betrap.

Gedurende 24/25 Julie is by Trek Motorhandel ingebreek en 'n TV, Radio, batterye en 'n sakrekenaar ter waarde van R1060 gesteel.

Op 9 Augustus was daar 'n huisbraak te Discount Bargains. Radio's en komberse ter waarde van R1 805 is gesteel. Geen arrestasies is nog gemaak. Gedurende 27 Julie tot 5 Augustus is daar by die motorhuis te Riebeeckstraat 9, ingebreek. Die motorbande is verwyder. Geen persoon is nog gearresteer nie.

Een man is gearresteer in 'n ou Huisbraak-saak wat in April 1991 voorgekom het toe daar te Vegkopstraat 55 ingebreek is en goedere ter waarde van R800 gesteel is.

### MOTORDIEFSTAL

Gedurende 21-24 Julie was daar 'n poging tot motordiefstal by BKB-Skeerdienste. Die voertuig is teruggekry, maar niemand is nog in verband met die voorval gearresteer nie.

### VEEDIEFSTAL

Vier skape is op die plaas, Bouwers van mnr. Daan Marais te Boesmanskop gesteel. Twee mans is gearresteer.

Twee beeste is gedurende die maand te Lizmore gesteel en mnr. Basie Jordaan vermis 'n Merino hamel. Vyf Merino ooie is by die vendusiekrale tussen 5 en 6 Augustus gesteel.

Gedurende die nag van 28/29 Julie is weer sewe skape te Bouwers van mnr. Daan Marais gesteel.

Twee mans van Lesotho is gearresteer in verband met twee voorvalle in April en Julie van veediefstalle op die plaas, Geheeltevrede, Boesmanskop.

### ANDER

'n Karradio is uit die motor van mev. E. Cusens te Gustavus-straat gesteel. Een man is gearresteer.

'n Saak van strafbare manslag word ondersoek nadat 'n trekker van mnr. Manie Botha op die Stellenbosch-pad omgeslaan het en een persoon gedood is.

Tydens 'n patrollie op die Stellenbosch-pad is 2 swartmans gearresteer. Sewentien afgeslagde hoenders en 80 dosyn eiers is by hulle gevind.

**"U is so besig om wins vir u werkgewer te maak. Is dit nie tyd om ook vir uself te sorg nie?"**

**Dit maak nie saak of u R100 000 kan belê of R100 per maand opsy kan sit nie, die verstandige manier is om gebalanseerde, objektiewe advies te kry. Maar tot wie kan u u wend?**

**'n Finansiële Adviseur van Ou Mutual het een belangrike voorsprong - sy kennis van ons hele reeks finansiële dienste. Sy ondervinding en kundigheid strek van suiwer lewensdekking-beskerming tot suiwer belegging. Hy kan u vertel wat die voordele vir u is.**

**Knyp gerus 'n paar minute af om hom te skakel. U staan onder geen verpligting nie.**

Mnr. F.J. Smit<br>Tel. 131 (H) & (K)<br>VLK-gebou<br>Zastron

Mnr. B. Jordaan<br>Tel. 63(K) &<br>1940 Boesmansk.(H)<br>VLK-gebou, Zastron


FINANSIëLE ADVIESDIENS

OU MUTUAL

KRY MEER UIT DIE LEWE

# ANDER FEITE RONDOM OLIFANTSBEEN

'n Paar maande gelede is in Die Zastronner berig dat die plaas, Olifantsbeen sy naam te danke het aan die rots wat soos 'n vinger uittroon bo die omgewing. Mnr. Jurie Schoeman het egter ander interessante gegewens rondom die plaas.



'n Eeu of selfs langer gelede het 'n landmeter, Leviseur, in opdrag van die regering die plase hier opgemeet. Een van sy kampe was dan ook waar die plaas, Olifantsbeen vandag is. Tydens die opmeting was dit nodig om vanaf die hoogste punt te meet. Dit was dan ook hier die geval. Leviseur het sy instrument staan gemaak op die kruin van die berg waar die huidige driehoeksbaken is en toe hy die omgewing bespied sien hy die eienaardige reeks rante wat langs mekaar lê. Dit het hom dadelik getref dat dit soos 'n reuse been lyk, wat middeldeur gesaag is, met die knop van die been op die plek waar hy staan. Hy sê toe aan sy assistent dat dit soos 'n olifantbeen lyk en vandaar die plaasnaam, Olifantsbeen.

As die foto mooi bekyk word, dan sien 'n mens die knop van die been aan die linkerkant, hoe verder na regs beweeg word kry ons die knieknop, waar Kornetspruit deur die rante vloei en nog verder regs kry ons die enkel van die reuse olifant se been.

**Wat 'n genade!**

Oorlewing wil dit ook hê dat dieselfde landmeter eendag onder 'n hoë oorhangende rots gesit en eet het. Al sy instrumente was ook by hom. Na sy blaaskans, het hy opgestaan om verder te loop. Skaars was hy onder die rots uit of dit stort inmekaar. Al wat hy kon sê was: "Dankie Vader, dit was 'n genade!" en van toe af heet die plek Genadeberg.

# ONTHOU DIE CALEDON 500

Die "Off Road"-klub van Wepener berig dat hul reëlings vir die Caledon 500 op 8 en 9 Oktober goed vorder en dat dit beloof om 'n naweek vol opwinding te wees.

Van die aktiwiteite sal Vrydagmiddag 'n kompetisie insluit waar 'n trekker deur bakkies gesleep word, 'n optog deur die dorp van die vierwielvoertuie wat aan die Caledon 500 sal deelneem en die aand 'n heerlike dans. Saterdag sal 'n mini-baan by die skougronde wees en die Sandspruit 50 is spesiaal vir kinders wat met hul motorfietse in die aksie wil deel. Die hoofdis is natuurlik die moordende roete van 500 km vir die veldwedren motors en motorfietse en volgens die organiseerders is die belangstelling baie groot en is daar al reeds meer inskrywings as die vorige jaar ontvang. Die volledige program sal in die volgende Zastronner verskyn.


**SUPERSPAAR**
**SUPERSAVE**

Personal & Friendly Service Guaranteed
(Sandra Cusens en Wilma Botha)

| | |
|---|---|
| ** Kruidenierswаre (teen beste pryse)* | ** Groceries (at best prices)* |
| ** Geskenke* | ** Gifts* |
| ** Huishoudelike Goedere* | ** Household Goods* |
| ** Droë Vrugte & Neute* | ** Dried fruit & Nuts* |
| ** Lekkers* | ** Sweets* |
| ** Bevrore vis & groente* | ** Frozen Fish & Vegetables* |
| ** Iets van alles!* | ** Something of everything* |
| ** Radio's* | ** Radios* |

Kom gerus in - U sal aangenaam verras wees

**Tel. 05542(36) Box/Bus 484**
**Reichenbergstraat, Zastron**

# AVROY SHLAIN

**GRATIS KAAS EN WYN-GESELLIGHEID**
**PLEK: GYMSAAL**
**DATUM: 10 SEPTEMBER 1993**
**TYD: 17H00**
**TEMA: GRIMERING EN SPESIALE KERSAANBIEDINGE VAN AVROY SHLAIN**

Ons gaan 'n demonstrasie van grimering hê, asook die bekendstelling van ons fantastiese aanbiedinge vir Kersfees. Daar sal ook 'n uitstalling van al ons grimering wees - 'n lus vir 'n vrou se oog.

Ons wil egter graag weet hoeveel dames die aand gaan bywoon. **BEVESTIG ASSEBLIEF VOOR MAANDAG, 6 SEPTEMBER 1993 BY ALET STEENKAMP ZASTRON 2831 OF JY DIE AAND SAAM MET ONS SAL GENIET.**

Christien Liebenberg en Alet Steenkamp sê baie dankie aan die dames wat ons op 5 en 6 Augustus 1993 kom besoek het. Dit was heerlik om julle daar te hê.

Hartlik geluk ook aan Wilna Fouché wat met haar gelukkige Nr. 10-kaartjie die Avroy Shlain-koopbewys ter waarde van R150 gewen het.

Vriendelike Avroy Shlain-groete
**ALET EN CHRISTIEN**

## PRYSWENNER



Trots staan klein Nonnie Botha (6) met haar kamera wat sy in 'n Dulux-kompetisie by Oos-Vrystaat Koöperasie gewen het. Op die foto wens mnr. Dassie Fouché, bestuurder van die plaaslike tak, haar geluk met die prestasie. Deelnemers moes 'n Dulux-hondjie met kraakvuller maak en 'n gepaste slagspreuk uitdink. Met Nonnie se oorspronklike bewoording van "Dulux hou oor jou huis die wag dag en nag!" het sy as streekswenner eers 'n horlosie gewen en is toe ook later aangewys as die algehele wenner in die Vrystaat. Nonnie is die jongste kind van mnr. en mev. Manie Botha.

## LEESKRING

Zastron se Leeskring reël in samewerking met Kultuursake 'n interessante lesing op 10 September. Dit handel oor die invloed van Barokmusiek op studente. Mnr. Lerooi Brewis, wat 'n studie daaroor gemaak het, sal die spreker wees.

Die verrigtinge begin om 10h00 en word in die Biblioteeksaal aangebied. Die toegang is gratis en almal is welkom om dit by te woon.


SPRINGBOK KAFEE
TEL. 46
*Ons lewer 'n Eenstop-diens*
**Probeer gerus ons vleispasteie vis en skyfies**
*Ons bak daagliks*


## MUNISIPALE NUUS

Die Stadsklerk sal op 3 Desember die Pensioenfonds Jaarvergadering te Kroonstad bywoon.

Die dienste van mnr. André Steyn as Gesondheidsinspekteur in die Rouxville-area, is met 'n verdere jaar verleng.

Die Raad het by die Departement van Behuising en Werke aansoek gedoen vir tien subekonomiese wooneenhede vir blankes. Dis reeds goedgekeur en geskikte persele sal gesoek word, sodra fondse ontvang is.


NESNA
Reichenbergstr. 3, Zastron
TEL. 516 & 400
*Vadek verf, Hardeware*
*Vensters, ruite, deure, kosyne en slotte*
*Ons sny ook spieels*
Vir vriendelike diens besoek ons gerus

# NUWE SKAAPENTSTOF
## Dr. Rob Brüning

Die nuwe entstof, Multivax-P het in November verlede jaar sy verskyning op die Suid-Afrikaanse mark gemaak. Die entstof is 'n hoogs gevorderde samestelling van versuiwerde antigene. In die verlede was dit onmoontlik om meer as ses stamme of antigene in 'n entstof te plaas, want die liggaam se immuniteit kan net teenliggame van ses antigene doeltreffend op 'n slag vervaardig. Die nuwe entstof bevat 14 antigene.

Alhoewel ek skepties was oor dié entstof in die begin, blyk dit dat dit baie doeltreffend is. Die prys van die entstof klink baie, maar dit is baie goedkoper as wanneer die bestanddele apart toegedien moet word. Die entstof bied beskerming teen Sponssiekte, Bloednier, Klem-in-die-kaak, Pasturella en kwaadaardige edeem.

'n Verdere voordeel van die entstof is dat dit die inentingsprogram van die boer dramaties verander. As daar geen ander vreemde siektes voorkom nie, is dit dan slegs nodig om Multivax en bloutong te spuit in 'n jaar. Klem word weereens gelê op die korrekte aanwending van bloutong-entstof. Die drie aparte toedienings moet met tussenposes van drie weke gespuit word. Miskien word bloutong ook in die toekoms so gesuiwer dat al agttien stamme op een slag geënt kan word!


As Multivax vir die eerste keer gebruik word, moet twee inspuitings gegee word - 'n maand uitmekaar. Die eerste inspuiting bied net beskerming vir 'n maand, daarom is die opvolg dosis nodig om die beskerming te verleng na 'n jaar. Met bloutong is dit belangrik dat nie-dragtige diere gespuit word. Daar kan so vroeg as Mei maand met Bloutong inentings begin word.

## BKB-NUUS

BKB het in samewerking met Logos Agvet 'n landwye kompetisie geloods en .243 jaggeweer was op die spel.

Mnr. Kobus Pretorius van Zastron se Logos-aankope by die plaaslike tak het hom die nuwe eienaar van die jaggeweer ter waarde van R2 750 gemaak. Die prys is tydens 'n gesellligheid by BKB aan hom oorhandig.

Op die foto verskyn links mnr. Theo du Toit, BKB-Takbestuurder en regs mnr. Janneman van Aardt, Logos Agvet se verteenwoordiger. Die wenner, mnr. Kobus Pretorius sit voor met die jaggeweer.





## MAZACOWE

In verlede maand se Zastronner is berig van die donateurs wat skenkings aan Mazacowe gegee het. Die volgende regstelling word gemaak: Vananco het R300 geskenk en nie R30 soos voorheen vermeld nie en Discout Bargains het papier ter waarde van R60 geskenk. Baie dankie aan u almal.

'n Spesiale versoek - Moenie ou koerante, blikkies, bottels, plastiese sakke, kurke, vuurhoutjie dosies - eintlik enige afval, weggooi nie. By Mazacowe gebruik ons alles.

Mazacowe is tans besig om rubbermatte (vervaardig uit ou bande) te maak. Een van die dae sal u u bestelling kan plaas.

**EIENDOMME PROPERTIES**

No deal too big or too small

Geen transaksie te groot of te klein

Ek waarborg persoonlike aandag & puik diens

***Geregistreer by Raad vir Eiendomsagente***

**BABS CUSENS**
**(Eiendomsagent)**

**TEL. 96 OF NA URE**
**NA URE 430**

DISCOUNT BARGAINS

*Die Gesinswinkel*

Ons hou iets van alles aan

Kruideniersware, Klerasie Meubels, Elektriese ware

*Loer gerus in, u sal aangenaam verras wees*

**Ons gee persoonlike aandag aan al ons klante**


# HARDLOOP VIR AFRIKAANS!



Mnr. Hennie Labuschagne en mnr. Pierre Rochér, skoolhoof, by die drawwers.

Die projek, Afridraf van die Rapportryersvereniging, is ook vandeesmaand op luisterryke wyse by die Hoërskool Zastron gevier.

**Program**

Drawwers van Rouxville het die feesboodskap aan mnr. Hennie Labuschagne, voorsitter van die plaaslike Rapportryerskorps oorhandig. 'n Kort program het hierna in die skoolsaal plaasgevind. Nadat die geleentheid met skriflesing en gebed geopen is, het mnr. Hennie Labuschagne almal verwelkom.

Vervolgens het mnr. Gerdus Marx die feesboodskap namens die burgemeester van Rouxville gelewer. Dr. Nico Jansen, burgemeester van Zastron, het hierna 'n treffende boodskap gelewer waarin hy klem gelê het op die feit dat Afrikaners betrokke moet raak by hul taal.

Mej. Orffer en mev. Heléne Snyman het pragtige bydraes gelewer oor die wonder van ons taal. Die skoolkoor het verdere luister aan die geleentheid verleen met bekende volksliedjies, waarna die Voortrekkers die verrigtinge met 'n vlagstryking afgesluit het.

Vroeër die dag het 'n 40 laerskool-leerlinge aan 'n debat deelgeneem ter bevordering van ons taal. 'n Uitstalling van Afrikaanse boeke en werkstukke deur leerlinge het verdere kleur aan die geleentheid verleen.

Die betrokkenheid van ons gemeenskap en leerlinge was verblydend. Meer as R300 in ingesamel en aan die Stigting vir Afrikaans oorbetaal. 'n Woord van dank aan alle Afrikaners wat die geleentheid moontlik gemaak het.


MODEL SLAGHUIS

*SPESIALE AANBOD*

**Beeskookvleis R7.00 per kg**

**Wors R8.40 per kg**

**Maalvleis R8.40 per kg**

**Verskeidenheid gevriesde groentes beskikbaar teen billike pryse**

Kredietkaart fasiliteite beskikbaar

TEL. 188

Na ure tel. 97 / 366

Eien. A.G. Cronje & G.J. Marais



**EKSKLUSIEWE UITRUSTINGS DEUR GEKWALIFISEERDE MODEONTWERPSTER**

*Matriekafskeidrokke*
*Voorstellingsrokke*
*Trourokke*
*Manspakke*
*Leerbaadjies*
*Swembroeke vir mans & dames*

**Geen figuur 'n probleem**

**SKAKEL LIZBÉ BY BLOEMFONTEIN 511228**

**Afsprake kan in Zastron gereël word**


# SKOLENUUS

## HOËRSKOOL KOORSANG

Die tweejaarlikse Vrystaattrofeë-kompetisie vir koorsang is 'n kompetisie waaraan al die skole in die provinsie kan deelneem. Daar word eers op streeksbasis meegeding en Zastron Hoërskool het besluit om 'n dogterskoor in te skryf. Twee busse vol geesdriftige dogters het op Jagersfontein gaan deelneem. Dit was 'n wonderlike ervaring en die kinders het hard gewerk om aan al die vereistes te voldoen. Hulle het Ps. 146 deur Chris Lamprecht a Cappella gesing, As jy my kon volg deur Koos du Plessis, Love Changes Everything deur Lloyd Webber en heel gepas ook, Mooie meisies fraaie Bloemen. Die koor het pragtig gesing en het goeie terugvoering ontvang. Ongelukkig het hulle nie deurgedring na die finale rondte nie, maar het ongetwyfeld die skool se naam hoog gehou. Jacobsdal is gekies om op 28 Augustus in Bloemfontein op te tree.


**NEVES KAFEE**

Besigheidsure: 06h00 - 20h00
Ma tot So & vakansiedae

**TEL. 532**

*Onoortreflike pryse*

**Lucky 7 & Sharp winskope oor maandeinde**

Kom besoek ons en vergelyk ons pryse & diens

U tevredenheid is ons plesier!


## SKEINAT-OLIMPIADE

Annelí Roos het in die Skeinat-Olimpiade 'n uitsonderlike prestasie behaal deur aangewys te word as een van die 50 toppresteerders in die Vrystaat. Sy het dan ook die afgelope naweek die voorreg gehad om die Skeinat Konvensie in Welkom saam met die ander toppresteerders by te woon.

## GROEP 36 DRIL- EN SKIETKOMPETISIE

Op Dinsdag, 10 Augustus is die jaarlikse dril- en skietkompetisie op Ladybrand gehou. Die Hoërskool Zastron het 'n senior drilpeloton, 'n senior dogterspeloton en drie skietspanne vir die kompetisie ingeskryf.

Die kompetisie was baie straf, maar die Zastronners het geensins teruggestaan nie. Na 'n lang dag van vroeg


**SQUARES**

***Meubileerders Geskenkware***

Groot verskeidenheid altyd beskikbaar

***Volvloermatte***

Gratis kwotasies
Werk gewaarborg

**TEL. 281**

**Posbus 21 Zastron**

**DIE OOG BAKKERY**



*Probeer gerus ons*

*Vars Brood, Banket*

*Wegneemetes en Teekamer*

Ons wil u graag bedien

Bestuur:
Hans en Marie Botes
Martina Botes & Elize Steyn

TEL. 584


opstaan en harde werk, is die uitslag bekend gemaak. Die senior dogtersspan onder leiding van mev. Smith het met die louere weggestap. Die senior seunsdrilpeloton het 'n derde plek verower. Nelis Swart het ook 'n derde plek behaal in die kompetisie as beste drilsersant. Ons beste senior seunsskut, was Kobus Barnard en Stian de Witt is bekroon as ons beste junior seunsskut. Anneli Roos is aangewys as ons beste dogtersskut. Die dogterspeloton is dan ook na die OVS drilkompetisie uitgenooi op 28 Augustus waar die bestes in die Vrystaat sal meeding. Sterkte word hul toegewens.

## HOËRSKOOL TENNIS

Riëtte Hattingh het die Oos-Vrystaat span verteenwoordig in tenniswedstryde teen Bloemfontein B en Noordoos-Vrystaat. Sy het haar baie goed van haar taak gekwyt en Zastron se naam hoog gehou. Die dogtersspan is nog onoorwonne in die liga. Sterkte aan hulle om die rekord te handhaaf.

## RUGBY

Die Eerste rugbyspan het op 24 Julie aan 'n groot rugbydag te Clocolan deelgeneem. Altesaam 16 spanne het deelgeneem. Zastron het teen die sterk span van Theunissen te staan gekom en in 'n aanskoulike wedstryd met 17 -15 gewen. Die span is verder aangewys as die span wat die aanskoulikste en beste rugby gespeel het en het 'n pragtrofee en 'n vulpen vir elke speler ontvang. Nelis Swart is aangewys as die beste voorspeler en Christo Crous as die beste agterspeler. Elkeen het 'n kontantprys ontvang.

Op Saterdag, 31 Julie het die seuns in die semi-finaal van die Direkteurstrofee teen Bothaville te staan gekom. Dit was 'n taai stryd en teen rustyd het ons span voorgeloop met 11 punte teenoor 6. Kort daarna het Bothaville 'n drie gedruk en 'n gelykop telling is gehandhaaf tot twee minute voor die einde van die wedstryd. Bothaville se losskakel het met 'n mooi skepdoel geslaag en die wedstryd in hulle guns beklink met 14 - 11.

## SPORTAFSLUITING

Die jaarlikse sportafsluiting het op Maandag, 16 Augustus plaasgevind. Tydens hierdie geleentheid word "kragte" gemeet tussen die personeel en matriekleerlinge en die dorp en die koshuis. Met die netbalwedstryd het die personeel gewys dat hul nog heel vlugvoetig is en die wedstryd gewen. Die span het uit mevv. Henriëtte van Zyl, Charmaine Smith, Wilna Fouché, Riëtte de Witt, Ina Cronje, Rica van Rensburg en mejj. Amelia Orffer en Réne Roos bestaan. In die tweede netbalwedstryd was die koshuis teen dorp. Die dorpsjapies was een te veel en klop die koshuis in 'n aanskoulike wedstryd.

Op die rugbyveld het die onderwysers "touch"-rugby teen die matriekseuns gespeel. In die begin het die onderwysers voorgeloop, maar ongelukkig het die ouderdom sy tol geëis en die matrieks die wedstryd gewen. Mnr. Pieter Brink het egter beïndruk met sy spoed! Hierna was die hokkiestokke aan die beurt en het die onderwysers gewys dat hul dae nog lank nie verby is nie en tree as wenners uit dié stryd! Die hoofdis van die middag was die rugbywedstryd tussen die koshuis en dorp. Dit was 'n harde en die koshuis behaal 'n naelskraap oorwinning. Die dag is afgesluit met 'n braaivleis.

## STOEI

Tydens die OVS Proewe te Bloemfontein het die volgende stoeiers hul goed van hul taa[k] gekwyt. R. Cordier (twee[de] plek), J. Kruger (eerste plek), F. Labuschagne (eerste plek), J. Smith (eerste plek), [F.] Smith (tweede plek), W. d[e] Wet (derde plek), P. de Wit[t] (tweede plek), G. Kruge[r] (eerste plek), M. Kruger (derd[e] plek), C. Cordier (tweede plek), E. de Wet (derde plek).

Jaco Kruger, Frans Labu-schagne en Gawie Kruger i[s] vir die OVS Amateur stoeispa[n] gekies en het op 7 Augustu[s] te Port Elizabeth teen O.P., Noordoos-Vrystaat en Grie-kwaland-Wes gaan meeding. Dié drie stoeiers het 'n verdere prestasie behaal deu[r] gekies te word vir die Pre-sidentspan wat teen Noordoos-Vrystaat te Brandfort gaa[n] stoei het.

Mnr. Cassie Cordier, Zastron se afrigter, is ook gekies a[s] afrigter van die Vrystaat-span.


**CALEDON MAKELAARS BK**

*vir u*

*LEWENSVERSEKERING*

*KORTTERMYN-VERSEKERING*

*BELEGGINGSADVIES*

Ons verteenwoordig al die belangrikste maatskappye

SKAKEL NOU
STAFFIE FOUCHE
ROUXVILLE 300
ZASTRON 259


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Geklassifiseerde advertensies kan aan Die Zastronner gestuur word. Die koste beloop R10 per plasing. Indien dit meer as 20 woorde beslaan, sal dit 'n addisionele R10 kos. Geklassifiseerde advertensies moet vooruitbetaal word.

### TE KOOP

Konyne, Ganse, Budgies, Kapokkies, Indiese Veghoenders te koop. Slegs pare. Skakel Zastron 3422 saans.

### GESOEK

Ons soek klippe, ou vloerplanke, ou kaggels, ou baddens met voete. Of as u miskien 'n ou sandsteen-gebou het of ou krale wil afbreek, ons sal dit kom afbreek en stel belang om die klippe te koop. Kontak H.G. Carter, Ladysdale, Boesmanskop. Tel. 052332 en vra vir Boesmanskop 1221.

### ALGEMEEN

**SNIPS MATWASSERY (Van Reenen-gebou)**

Die somer is om die draai. Laat ons u matte was.
Volvloermatte, losmatte, ook wolmatte.
Sitkamerstelle, ook los kussings.
Motorkar-sitplekke.
Vir 'n gratis kwotasie skakel Hannetjie by 16. Verdere navrae by SNIPS

# ZASTRON GHOLFKLUB

Op 21 Augustus het veertig spelers aan die Standard Bank Borgdag deelgeneem. Die uitslae was as volg:

1. Paul de Witt 37
2. L. Pretorius 37
3. B. van de Walt 36
4. Dave Cronje 35
5. G. Schoeman 35
6. M. Bezuidenhout 35
7. B. Shaer 34

J.C. Gie het 'n troosprys ontvang vir sy 8 punte. Baie dankie aan Danie Viljoen en sy span wat die dag moontlik gemaak het. Ons waardeer dit ook dat die Vrystaatse Hoofbestuurder van Standard Bank, mnr. Willie Loots en twee van sy amptenare vanaf Bloemfontein gekom het om aan die kompetisie deel te neem.

Na 'n lang stilte, gaan daar weer September deelgeneem word aan die liga. Twaalf spelers sal Zastron verteenwoordig en sal op 4 September teen Smithfield en Dewetsdorp te staan kom. Die span sal volgens voorgee gekies word.

Baie geluk aan Tossie Smith met sy "Hole-in-one" op die twaalfde putjie. Hy is die vierde persoon wat so 'n prestasie op hierdie gholfbaan behaal. Vir Elmo Cusens, wat onlangs 'n groot operasie ondergaan het, was Saterdag ook 'n uitsonderlike dag. Vir die eerste keer in sewe maande kon hy weer gaan gholf speel en het 26 punte behaal. Die laaste twee putjies het dit maar moeilik gegaan, maar die die lede sê "ons dank die Heer dat Elmo weer saam met ons kan speel."

# DRIEKAMP

Lekker oefen vir die driekamp op 26 November. 'n Spesiale beroep op alle sportmanne en -vroue word gedoen om te kom deelneem.

# ZASTRON DUIWEKLUB

Die uitslae van die vlugte die afgelope maand was as volg:

**Patterson 364 km**
Ope: 1. K. van Wyk, 2. J. Kruger, 3. D. Fouche, 4. A. Scorrano,
5. H. Hattingh

J.O: 1. D. Fouche, 2. en 3. D. van Zyl, 4. D. Fouche, 5. L. Scorrano

**Leeu Gamka 560 km**
OPE: 1. K. van Wyk, 2. D. van Zyl, 3. J. Kruger, 4. D. Fouche, 5. K. van Wyk

J.O.: 1. D. Fouche, 2. D. van Zyl, 3. L. Scorrano, 4.en 5. D. Fouche

**Patterson 364 km**
OPE: 1. D van Zyl, 2. D. Fouche, 3. A. Scorrano, 4. D. van Zyl, 5. J. Kruger

J.O. 1. A. Scorrano, 2. K. van Wyk, 3. D. van Zyl, 4. D. Fouche, 5. L. Scorrano

**Prins Albert 592 km**
OPE: 1. D. van Zyl, 2. H. Hattingh, 3. en 4. D. Fouche, 5. A. Scorrano

J.O.: 1. D. Fouche, 2. H. Hattingh, 3. en 4. D. van Zyl, 5. J. Kruger


**ZASTRON**

*DIE DORP MET 'N TOEKOMS*
*DIE DORP MET GROEIKRAG*

**HIER VIND U**

***Ongeëwenaarde natuurskoon en pulk ontspanningsgeriewe***
***Ideaal geleë woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse***
***Munisipale dienste teen besonder billike tariewe***
***'n Gesonde, gematigde klimaat***
***Pulk woonwapark***
***Vakansieplase, Forel-vangste, Staproetes***
***Pulk hotel en verskele toerisme-aantreklikhede***

**KOM BESOEK ZASTRON EN VESTIG U HIER**

Vir nadere besonderhede kontak
**DIE STADSKLERK, BUS 20, ZASTRON, 9950**
**Tel. (05542) 18**